



## FAKULTEIT AGRIWETENSKAPPE

*Prof Mohammad Karaan*  
Dekaan: Fakulteit Agriwetenskappe

DIE FAKULTEIT AGRIWETENSKAPPE het die afgelope jare goeie groei getoon en 2009 was 'n jaar van konsolidasie van die verlede en herposisionering vir die positiewe toekoms wat vir die landbou voorlê.

Die strategiese skuif na 'n sterker nagraadse fokus het begin manifesteer. Voorgraadse studentetalle het begin afplat terwyl nagraadse getalle sterk groei getoon het, veral op magister- en doktorale vlak. As gevolg hiervan het navorsingsfondse en derdegeldstroominkomste noemenswaardig gegroei. Derdegeldstroominkomste vir 2009 het R90 miljoen oorskry en alle aanduidings is dat dit verder sal groei. 'n Verdere gevolg is dat die publikasie-uitsette 'n stygende tendens toon. Hier moet die uitsette van die Departement Bewaringsekologie en Entomologie uitgesonder word, terwyl die Departemente Voedselwetenskap en Veekundige Wetenskappe ook beduidende bydraes lewer.

Die Fakulteit staan stewig t.o.v. skakeling met en diens aan die landboubedryf en hierdie verhoudings gaan uitbrei namate al meer op universiteite staat gemaak word om navorsingsdienste te verskaf. Veral opmerklik is dat strategiese vennootskappe in navorsing en opleiding in Afrika uitbrei. Die aantal nagraadse studente uit Afrika neem drasties toe en verleen groter relevansie aan die Universiteit en die Fakulteit se rol op die kontinent. Samewerkingsooreenkomste en uitruilaksies met instansies regoor Afrika is reeds gevestig. Nuwe vennootskappe in Asië hou ook goeie moontlikhede in vir samewerking en dienslewering in Afrika en elders. Die klem op landbou-ontwikkeling in Afrika het tot gevolg dat prominente akademici uit die Fakulteit gereeld dien in forums, projekte, werksessies en ander inisiatiewe wat verband hou met ontwikkeling in Afrika. Bestaande ooreenkomste met instansies in Europa, die VSA en Asië is eweneens bekragtig en word steeds nagekom.

Diversiteit van personeel en studente is een van die belangrikste uitdagings vir die Fakulteit. Slegs 12% van die permanente doserende personeel en slegs 20% van ons studente kom uit die aangewese groepe. Die situasie spruit uit 'n dieperliggende kwessie omdat agriwetenskappe nie as 'n gesogte beroep onder swart Suid-Afrikaners ervaar word nie. Voedselsekerheid, beleggings in agribesigheid en die industrialisering van die landbou is van die faktore wat mettertyd hierdie situasie sal verander. Daadwerklike pogings is aangewend om in alle departemente diversiteit aan te moedig en die profiel te verbeter. Studentewerwing is opgeskerp en in samewerking met verskeie agribesighede is fondse bekom vir beurse en ondersteuning

aan studente uit die aangewese groepe. In dié verband is ook spesifiek begin met die Plattelandse Kind-projek, waar kinders van plaaswerkers en ander werknemers in die landbou ondersteun word vir verdere studie. Die Fakulteit het groot agting vir al die agribesighede wat tot hierdie inisiatiewe bygedra het en glo dat dit sal groei en 'n beter toekoms vir die landbou en die leerders sal bewerkstellig.

Die Oorhoofse Strategiese Plan (OSP) het die Fakulteit in staat gestel om groter aandag aan infrastruktuur en fasiliteite te verleen. Daar is goed gevorder met die herinrigting van die JH Neethling-gebou. Fondse is ook bekom vir opgraderings by die Departement Voedselwetenskap met die oog daarop om die vakgebied reg te skik vir beter dienslewering en groei. Die opgraderings aan die Lombardi-gebou is afgehandel, wat beter fasiliteite daarstel aan die Hortologie-, Plantpatologie- en Grondkunde-departemente. Die Leerstoel in Na-oestegnologie is ingestel en is in die AI Perold-gebou ingerig. Die vrugtebedryf het ook befondsing verskaf om nuwe fasiliteite vir insekstudie op die Welgevallen-proefplaas te skep.

Benewens die infrastruktuurprojekte wat die OSP befonds, is befondsing aan die Fakulteit toegeken vir die stigting van 'n Landbou-ontwikkelingsprojek. Die projek is toegespits op tegnologie-oordrag, mentorskap en agribesighedsraadgewing om transformasie in die landbousektor te bewerkstellig. Die Fakulteit neem ook deel aan strategiese projekte wat in ander fakulteite gesetel is, soos die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se Landelike Kliniese Skool en die Voedselsekerheidsinisiatief, en die Fakulteit Natuurwetenskappe se NEPAD Watersentrums van Uitnemendheid.

Die aard van landbou-onderrig en -navorsing maak dat gemeenskapsinteraksie 'n integrale deel vorm van diens aan verskillende bedrywe en gemeenskappe. Addisioneel tot die tradisioneel noue interaksie met kommoditeitsektore, word interaksies met plattelandse gemeenskappe sterk uitgebrei. Ondersteuningsdienste aan opkomende boere word uit verskillende vakgebiede in samewerking met owerhede en nie-regeringsorganisasies verskaf. Verskeie personelede is ook gereeld betrokke by opleiding, mentorskap en veral werwing van entrepreneurs en leerders.

Die Fakulteit het voortgebou op die samewerkingsooreenkoms wat met Elsenburg bestaan. Hoewel die outonomie van die Instituut erken word, speel die Fakulteit 'n al sterker rol by gehalteversekering van onderrig. Die Fakulteit Agriwetenskappe bly verbind tot ondersteuning en verbetering van onderrig by Elsenburg.